SWARTLANDSKOU
· MOORREESBURG ·
1934 - 2024

POSBUS 97
MOORREESBURG, 7310
TEL: 022-433 1607
FAX: 086 642 9902
info@swartlandskou.co.za

BIOSEKURITEIT MAATREELS ONTVANG VAN DIE VEEARTS NETWERK AANBEVELINGS

WAT DOEN SWARTLANDSKOU REEDS

- Een week voor die die aankoms van die eerste diere sal daar GEEN diere op die gronde wees nie
- Alle fasiliteite waarby diere betrokke is, (hekkies, hokke, aflaai areas, was-areas, bedding) sal vooraf met n algemene ontsmettingsmiddel wat veilig is vir diere, gespruit word.
- Deur die BKB hek word u voertuie met aankoms by HEK D ook gespruit.
- Hier gaan n Biosekutiteits beampte wees wat u nodige Veearts dokumente gaan kontroleer, elke dier se plaatjie nagaan volgens die verslag.
- Wanneer die diere by die hokke onder die Kleinvee Arena stop sal ons op terrein Veearts, Dr Suenette Kotze van KDG Dieregesondheid weer na die diere se algemene voorkoms en toestand omsien.
- Tydens aankoms, aflaai en kampioenskappe het die Skaap afdeling, personeel met rugsak spuite, besems en skoppies waarmee hul arena's spuit en mis, wol/hare opvee.
- Opruim personeel se skoene word ook gespuit.
- Na afloop van die skou word alle vullis, vuil kaf, mis, waterbakke, hekkies verwyder.
- Alle hekkies, arenas, laai areas, krane, pawiljoene word weer gespuit.

OPSOMMING

Hierdie is 'n Biosekuriteitsplan wat voldoen aan die basiese vereiste vir die voorkoming van oordrag van die belangrikste siektes, ingesluit Bek-en-Klouseer. Dit bly die vertoner, teler, uitstaller en rasgenootskap se eie keuse om n skou, uitstalling, samekoms of ekspo by te woon binne die raamwerk van die regulasies vervat in die biosekuriteits plan. Daar word sover moontlik 'n veilige omgewing geskep vir die bywoning of deelname van n skou, uitstalling, skamekoms of ekspo en dit vrywaar 'n skou, uitstalling, samekoms van enige eise in hierdie verband.

WAT HET ONS VAN U AS KLEINVEE VERTONER NODIG

- Alle diere moet behandel en vry wees van uitwendige parasiete, spesifiek Brandsiek, Jeukmyt en Rooidopluis
- Alle diere moet vry wees van inwendige parasiete bv. Haarwurm, Neuswurm
- Diere moet 'n kwarantyn tydperd van 28 dae op die plaas van herkoms deurgaan voordat hulle na die Skou vervoer word vir die uitskakeling van Bek-en –Klouseer.
- Alle diere moet jaarliks deur n veearts ondersoek word en vry wees van enige siektes.

HIERDIE VEEARTS VERSLAG MOET U INSLUIT BY DIE INSKRYWINGS VORM

- Ingesluit ook inspeksie gedoen vir uitwendige parasiete of aansteeklike veltoestande en die behandelings prosedure van die parasiete.
- Die neem van mismonsters vir die bepaling van inwendige parasiete, aanbevelings en behandeling.
- Diere afkomstig van gebiede met Bek-en-Klouseer moet die kudde veearts tydens die 28 dae kwarantyn tydperk in n verslag bevestig dat die korrekte prosedure gevolg is.
- Hierdie verslag moet volledig wees met die Veearts se kontak nommers, praktyk naam en handtekekening en datum. Die betrokke diere se oor plaatjies moet ook op die Veearts verslag aangedui word en die dier se geslag en Ras.

Ons waardeer u samewerking in die verband en om sodoende ons Skou sowel as die Wes-Kaap area skoon van siektes te hou.